PANORAMA PRIMARY

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

SPORT

WEN is nie alles, maar dit bly lekker om te wen.
'n Wenkultuur moet geskep word, maar dit mag nie ten koste van beginselsake gebeur nie.

MASSADEELNAME is van kardinale belang. Dit is ons plig as opvoeders om alle leerders betrokke te kry.

A-spanne word op meriete gekies. B-D-spanne roteer leerders om almal 'n kans te gee om wedstryd-ondervinding op te doen.

SPORTSOORTE:

EERSTE EN VIERDE KWARTAAL

Mini-krieket	-	seuns (O/7, O/8 en O/9)
Atletiek	-	seuns en dogters (O/7 tot O/13)
Krieket	-	seuns (O/10; O/11 en O/13)
Tennis	-	seuns en dogters (O/8 - O/13)

TWEEDE EN DERDE KWARTAAL

Rugby	-	seuns (O/10 tot O/13)
Mini-rugby	-	seuns (O/7; O/8 en O/9)
Netbal	-	dogters (O/9; O/10; O/11; O/12; O/13, Gr. 1 en 2)
Landloop	-	seuns en dogters (O/9; O/11; O/13)
Hokkie	-	seuns en dogters (Gr. 4 tot gr. 7)
Skaak	-	seuns en dogters (Gr. 3 tot gr. 7)
Mini-Netbal	-	dogters (O/7-9)
Mini-Hokkie	-	seuns en dogters (O/7-9)

*Karate word na skoolure deur professionele persone aangebied. Meer inligting kan by die skool verkry word.

BUITEMUURSE KOÖRDINEERDER

Die koördineerder is oorhoofs in beheer en sy pligte is:

* Opstel van oorhoofse buitemuurseprogram.
* Indeling van personeel by verskillende aktiwiteite.
* Toesien dat elke sportsoort onder sy organiseerder funksioneer.
* Reël van sportdae teen tradisionele opponente.
* Noodhulp tydens sportdae.

ORGANISEERDERS VAN SPORTE

Hul pligte is:

* Oefenroosters
* Sportsoortbegroting
* Sportvoorraad aankope
* In beheer van sportsoort se apparaat
* Reël van toere
* Wedstrydbepalings
* Reël van wedstryde
* Skeidsregters
* Noodhulp. Oefeninge en wedstryde

AFRIGTERS

Sport gaan oor dissipline. Sorg dat u betyds is vir oefeninge en dat u weet wat u gaan doen.
Hanteer voorraad uiters versigtig, dit raak maklik weg !!
Uitslae moet in die uitslagboek geskryf word en na die Buitemuurse Koördineerder gestuur word vir kennisname waarna hy/sy dit aan die Skoolhoof besorg.

TOERSPANNE

Verversings en reëlings sal met die skoolhoof en Buitemuurse Koördineerder se samewerking gereël word.

SKOOLBUSSE

* Vul busbespreking in op jaarprogram by Buitemuurse Koördineerder se aansteekbord. U sal in kennis gestel word indien daar enige probleme is, sodat u alternatiewe reëlings kan tref.

* ‘First come, first served’ manier van toekenning, asook die belangrikheid

van die uitstappie.

* Bespreking van bussies word minstens 24 uur voor die tyd by die Buitemuurse koördineerder gedoen (Sien beleid rondom voertuigmagtiging). Sleutels word afgehaal by ontvangs.

* Indien u na 14:30 terugkeer, moet u die bus in die motorhuis parkeer en toesluit.Indien u na 17:00 terugkeer moet u ook die kultuursentrum se alarm aktiveer.

* Maak seker die bus is skoon by ontvangs en kyk rondom die bus vir ooglopende foute voordat u vertrek. Rapporteer enige probleme aan die buitemuurse koördineerder.

* Maak seker die bus is skoon wanneer u dit terugbesorg.Sleutels moet die volgende dag voor 08:00 by ontvangs ingehandig word.

* Bestuurder moet ‘n selfoon hê. Die Buitemuurse Koördineerder moet weet wat die nommer is. Die TRACKER stelsel word gebruik.

Sportfoto's:

* Slegs die amptelike afrigter/s van `n span verskyn saam met sy/haar span op die sportfoto's.

* In die geval van die eerste spanne van die skool, verskyn die amptelike afrigters en die skoolhoof op die foto.

* Geen uitsondering word gemaak vir borge of spanbestuurders nie.

* Dit staan die afrigter/s vry om gedurende die eerste kwartaal van `n sportsoort te eksperimenteer t.o.v. die kapteinskap van `n span, maar daar moet `n definitiewe kaptein aangewys word deur die afrigter met die hulp van die spanlede gedurende die tweede helfte van die seisoen. Hierdie speler sal dan as kaptein op die foto verskyn.

* Soveel as moontlik van die spelers wat in die B/C/ens spanne speel, moet op die foto verskyn aangesien ons hier van `n rotasiestelsel gebruik maak. Die idee is om soveel moontlik spelers erkenning te gee vir hulle bydrae. Waar die B-span ook op meriete gekies word en rotasie by die C&D-spanne plaasvind, geld dieselfde reël vir die B-span soos vir die A-span.

* Wat betref die A-spanne van alle sportsoorte, moet spelers minstens drie wedstryde gespeel het om te kwalifiseer om op die foto te verskyn. Die rede hiervoor is tweeledig: moet `n uitdaging en prestige foto wees en in die geval van die o/13A-spanne (eerste spanne) is die truie beperk en daarom so ook die getal spelers op die foto's.

Algemene beleid:

* Spanne word deur die afrigter/s gekies sonder enige inmenging van ouers.
* Afrigters: Indien u die laaste persoon op die sportveld is, is u verantwoordelik om die buite toilette te sluit en alle toerusting wat buite lê Ten minste in u klas veilig te bêre.

* Ouers mag help met die afrigting van spanne, maar geensins voorkeur gegee aan sy/haar eie kind/ers nie.Ouers wat help afrig moet ‘n kontrak voltooi.

* Ouers moet gereeld daarop gewys word dat hulle nie opdragte van die kantlyn af mag gee aan enige spelers wat teenstrydig is met die afrigter se opdragte nie. Indien dit herhaalde kere sou gebeur en die speler/s hom/haar daaraan skuldig sou maak om nie sy/haar afrigter se bevele uit te voer nie, sal daardie speler/s sy/haar plek in die span verbeur.

* Enige skenkings of borge word die skool se eiendom en geen ouerborg het daarna seggenskap daaroor nie. Elke skenking/borg sal op meriete na gekyk word en die finale besluit oor of die sportdrag by die ouderdomsgroep bly of aan die einde van die jaar aan die spelers as geskenk oorhandig word, word in die skoolhoof se kantoor geneem.

* Slegs die eerste spanne van elke sportsoort mag `n unieke sportdrag dra om erkenning te gee aan hierdie spelers. Hierdie beoogde drag moet vir goedkeuring met die skoolhoof, klerekomitee en beheerliggaam bespreek word.

* Alle ander spanne mag geborg word. Die standaard sportdrag en sportsakke moet egter vir die doel gebruik word.

* Die skool se sweetpak mag deur die personeel en spelers tydens normale skoolure op die wedstryddae gedra word. Beide die baadjie en die broek moet egter gedra word. U moet asseblief let op die netheid van ons spelers en spelers wat hande in die sakke loop, aanspreek. Indien die sweetpakbaadjie tydens `n wedstryd gedra moet word, by voorbeeld tennis of hokkie, moet die hele span dit aanhê.

* Enige klagtes van ouers ten opsigte van spankeuse of spelpatroon moet skriftelik ingedien word by die kantoor en na deeglike oorweging sal daar aan die spesifieke ouer/s mondelings/ skriftelik terugvoering gegee word - indien nodig. Afrigters moenie betrokke raak by enige geskille langs die veld nie. Moet ook nie toelaat dat ouers of ander skole se afrigters u onnodig by die huis begin pla nie.

* Dit staan afrigters vry om d.m.v. borge trofeë te bekom om na `n wedstryd aan die speler van die wedstryd te oorhandig. Hierdie trofeë of aankondiging word nie gedurende saalbyeenkomste bekend gemaak nie, aangesien nie alle spanne sulke trofeë besit nie. Dit bly dus `n informele reëling tussen die afrigter en sy/haar span.

* Afrigters moet toesien dat daar voor wedstryde `n behoorlike spanpraatjie gehou word om die spelers te motiveer. Slegs die afrigter, spelers en die skoolhoof word hierby betrek.

* Na die wedstryd - wen of verloor - moet die spelers bymekaar kom en moet daar nabetragting wees van die wedstryd. Terugvoering moet opbouend van aard wees.

* Afrigters moet toesien dat sy/haar span ten minste 15 minute voor enige wedstryd kom en daar deeglike opwarmingsoefeninge gedoen word. Geen mini-wedstryde deur die spelers georganiseer, mag langs die veld plaasvind nie. Indien beserings hier sou plaasvind, kan dit toegeskryf word aan nalatigheid aan ons kant.

* Afrigters moet toesien dat alle sportsakke en toerusting netjies langs die veld geplaas word en toesig reël tydens die wedstryd.

* Alle personeel moet toesien dat die spelers se truie/hemde ingesteek is voor en na die wedstryd of oefeninge, dat hulle taalgebruik langs en op die veld aanvaarbaar is en rommelstrooiing bekamp word.

* Dit is die taak van alle afrigters om om te sien na die kwaliteit, veiligheid en beskikbaarheid van alle sportuitrusting. U is dus verantwoordelik vir die wegbêre van alle apparaat en die gereelde kontrolering daarvan.

* Dit is ook u taak om toe te sien dat daar die basiese noodhulptoerusting beskikbaar is tydens alle oefeninge en wedstryde. Tydens spesiale sportdae, moet daar addisionele noodhulp gereël word.

* Daar moet betyds begroot word vir verversings tydens spesiale sportdae. Indien daar onverwags toerspanne die skool sou besoek, moet daar verversings gereël word. Die fondse daarvoor moet vooraf met die skoolhoof bespreek word.

* Afrigters moet voor die tyd reël vir `n lynskeidsregter en self hom/haar daarvan weerhou om tydens wedstryde van die kantlyn af "afrigting" te

doen.

* Waar moontlik moet daar van onpartydige skeidsregters gebruik gemaak word wanneer die skool se eerste spanne speel.

* Indien die snoepwinkel oop moet wees by `n spesifieke sportgeleentheid, moet die dame in beheer vroegtydig in kennis gestel word.
* Alle rugby afrigters, skeidsregters moet Boksmart gekwalifiseer wees.

SKAAK

Skaak word in die Grondslag-, Intermediëre – en Senior Fase aangebied. Oefendae is Op Dinsdae vir almal. Wedstryde vind op Vrydae plaas en word volgens 'N Voorafbepaalde datumlys afgehandel.

KLEREDRAG

MEISIES : SPORTDRAG

L. O. EN ATLETIEK:

Broek Voorgeskrewe bottelgroen broek en hemp: Die voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk vir L.O. en alle sport.

NETBAL: Oefeninge: L.O. klere Die voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk met geplooide romp of L.O. broek.
Wedstryde: Groen en wit moulose hemp met ritssluiter en Panorama logo. Groen romp met wit sokkies en tekkies.

TENNIS: Wit romp en voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk en wit sokkies en wit tekkies.

HOKKIE: Oefeninge: L.O. klere Die voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk met geplooide romp of L.O. broek.
Wedstryde: Die voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk vir L.O. en alle sport.

SWEETPAK: Slegs die voorgeskrewe Panorama sweetpak is aanvaarbaar.
Sweetpakke mag slegs skool toe gedra word op dae wanneer daar wedstryde gespeel word.

Sportsak: Slegs die voorgeskrewe Panorama sportsak mag gebruik word.

ALGEMEEN

Broekie: Bottelgroen broekie word met alle skooldrag gedra. (GEEN wit of veelkleurige broekies nie.)

Serpe: Bottelgroen serpe kan by die klerewinkel gekoop word. Wit serpe mag ook gedra word slegs by wintersdrag.

Hare: Hare moet te alle tye netjies versorg en onopgesmuk wees. Vaste golwing van hare word nie toegelaat nie. Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Sodra skouerlengte bereik word, moet hare in 'n poniestert of twee bokstertjies vasgemaak óf gevleg word. Kort "bob" hare wat in die gesig en oë hang, moet weggesteek word. Haarbande ("alice bands") mag gedra word. Slegs bottelgroen of skilpadbruin word toegelaat. Nie rooi, swart, wit of liggroen nie. Silwer- of groenkleurige, driehoekige knippies, asook gly- en skuifknippies in bottelgroen of bruin is toelaatbaar, maar geen ornamentele knippies mag gedra word nie. Slegs bottelgroen linte, bolletjies of handdoekrekkies mag gedra word. Laprekkies ("scrunchies") word toegelaat, mits dit dieselfde kleur groen as die kleurbaadjie se groen is en nie breër as 3 cm is nie.

Juwele: Juwele is onvanpas by skooldrag. Geen mode-horlosies, kettinkies, armbande of ringe mag gedra word nie. Geen tatoeërmerke of "stickers" word toegelaat nie.

Oorbelle: Slegs heel klein goue of silwer knopies of ringetjies ("sleepers") mag gedra word in gevalle waar 'n dogter gaatjies in haar ore het. Geen versierde oorbelle nie. Geen twee of meer gaatjies met oorbelle per oor nie

Reënjasse: Helder, sigbare (bv. oranje) reënjasse word aanbeveel.

Amigo wind-jekker: Opsioneel. By klerewinkel beskikbaar op bestelling. Slegs voorgeskrewe windjekker mag gedra word.

SEUNS : SPORTDRAG

L.O. en Atletiek:

Broek: Voorgeskrewe bottelgroen broek.

Hemp: Die voorgeskrewe wit Le Coste hemp met "PANORAMA" daarop gedruk vir L.O. en alle sport behalwe rugby.

Rugby: Voorgeskrewe bottelgroen broek met Panorama rugbytrui.

Verpligtend vanaf O/10 (anders L.O. klere).

Krieket: Wit kortbroek, wit voorgeskrewe le Coste hemp met Panorama skoolwapen, skoolkouse, wit tekkies.

Tennis: Soos vir krieket, maar kort, wit sokkies.

Hokkie: Voorgeskrewe bottelgroen broek met voorgeskrewe le Coste hemp. Tekkies of hokkiestewels. Voorgeskrewe groen hokkiesokkies vir spanne. Mondskerm word aanbeveel.

Sweetpak: Slegs die voorgeskrewe Panorama sweetpak is aanvaarbaar. Sweetpakke mag slegs skool toe gedra word op dae wanneer daar wedstryde gespeel word.

Sportsak: Slegs die voorgeskrewe Panorama sportsak mag gebruik word.

ALGEMEEN:

Hare: Moet te alle tye kort geknip en netjies versorg wees. Geen modetrante sal toegelaat word nie. Geen bleik of kleur van hare nie. Hare mag nie gegolf word nie.

Juwele: Slegs funksionele en nie-ornamentele horlosies is toelaatbaar.

Reënjasse: Helder, sigbare (bv. oranje) reënjasse word aanbeveel.

Skooltasse: Slegs tasse met stewige binnewande. Geen pap, kleurvolle tasse met modeslagspreuke daarop nie, asook geen strandrugsakke of vissakke nie. Skooltas is by klerewinkel beskikbaar. Graad 1-4

Formele skooldrag is volledige winteruitrusting en word gedra tydens openbare optredes of soos deur die skoolhoof bepaal.

Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees, sowel as enige ander artikel wat by die skool gebruik word.

DAMES EN MANS - SPORTDRAGREëLS

Wanneer u sport en liggaamsoefeninge afrig, moet u in die skool se sportdrag geklee wees. In uitsonderlike gevalle bv. waar u vergaderings moet bywoon, sal verlof deur die skoolhoof toegestaan word dat u in formele klere mag afrig.

By formele wedstryde of sportdae word verwag dat al die betrokke afrigters die

voorgeskrewe skoolsweetpak moet aanhê.

Skoolsweetpak - slegs vollengte vlootblou sweetpakbroeke en baadjies mag as ‘n eenheid gedra word, met die wit en vlootblou gholfhempie soos aan die opvoeders voorsien is. As alternatief mag ‘n eenkleurige wit, vlootblou, rooi of groen (die kleure van die sweetpak) sportiewe gholfhempie of T-hemp gedra word. Geen rolkraag truie of ander kleur bostukke mag gedra word nie. Slegs tekkies mag saam met die sweetpak gedra word.

Dames: In die somer mag die vlootblou kortbroeke gedra word (nie verpligtend nie). Dieselfde reëls geld vir die bypassende klere soos bogenoemde.

Mans: Gedurende die warm, somermaande mag u ‘n kortbroek, netjiese sporthemp (verkieslik die skoolhemp), sportskoene en sokkies aantrek (u mag nie daarmee formele klas gee nie).

Donkerblou baadjie : Dit is om saam met die skoolsweetpak te dra of op Uitstappies kan dit saam met jeans of ‘n langbroek gedra word, maar nie saam met rokke of rompe nie, want dit is sportdrag.

By formele atletiekbyeenkomste moet alle beamptes in wit geklee wees.

KULTUUR

Kuns	- seuns en dogters (Gr. 1 tot Gr. 7)
Junior Koor	- seuns en dogters (Gr. 2 en Gr. 3)
Senior Koor	- seuns en dogters (Gr. 4 tot Gr. 7)
Spraak en drama	- seuns en dogters (Gr. 1 tot Gr. 7)
Landsdiens	- seuns en dogters (Gr. 1 tot Gr. 7)
Slagorkes	- musiekleerders
Orff-instrument groep	- seuns en dogters (gr. 1 tot gr. 3)
Scripture Union	- seuns en dogters (gr. 1 tot gr. 7)

Addendum A

Bykomende beleide vir die verskillende kodes

Netbal

Geen inmenging van ouers met spankeuses sal toegelaat word nie.
Leerders moet in hulle korrekte ouderdomsgroepe deelneem.
Voorgeskrewe sportdrag moet tydens wedstryde gedra word.
Spelers wat nie vir die laaste oefening, voor ‘n wedstryd bygewoon het nie, moet

nie vir die wedstryd gekies word nie – behalwe as daar ‘n geldige verskoning ingedien word.

Tennis

Die eerste dogters- en seunsspan dra geborgde klere.
Daar is 7 spanne wat aan die liga wedstryde deelneem.
Elke afrigter vergesel sy eie span na die wedstryd.
Die organiseerder sorg vir die verversings vir die opvoeders.
Die organiseerder is verantwoordelik om die goeie spelers in te skryf vir die W.P. proefwedstryde.

Rugby

Elke afrigter is verantwoordelik vir sy eie span se vervoerreëlings vir weg wedstryde.
Alle spelers moet in hul korrekte ouderdomsgroepe speel.
Elke afrigter van sy span moet toesien dat alle aspekte van die spel geoefen moet word.
Elke afrigter moet sy oefening begin met vaardigheidsoefeninge wat ten minste een derde van sy oefentyd moet in beslag neem.

Chess

We enter two teams into the chess league. There are 5 players per team. The players are chosen according to merit and can come from any grade. There is not an opportunity to give each player a chance to play in a match, as the results of the matches determine which league we play in and our schools results. Each player, however, has an opportunity to try out for the team positions. We follow the rules as per the website HYPERLINK "http://www.wppschess.za.net" www.wppschess.za.net
.

Our school offers both mini and senior chess. Mini chess is played between 13:00 and 14:00. It has been arranged in such a way so that children that play mini-netball and rugby can play chess on Tuesdays and the children that play mini-hockey can play chess on a Thursday. In this way they are able to participate in all sport codes if they choose to.

Senior chess is played on a Thursday from 14:15 – 15:15.
Chess matches are on Fridays between the hours of 14:20 and approximately 16:00. Chess is only played during the winter terms, however, I prepare the team players for their matches during the first term during the Thursday practice

time.
Fixture lists are downloaded from the above website each term.

Rules

INCLUDE PICTURE "http://www.wppschess.za.net/rook.gif" *
MERGE FORMATINET
Match duration is 1 hour (60 minutes)
Matches start no later than 15:00 and must be finished by 16:00
Confirmations (or alternative arrangements) regarding the match must be made by the away team on or before the Wednesday before the match.
Refreshments are optional The home team must fax the results form to 0865102196 by the Wednesday after the match.
Both team managers must sign the results form.
All matches must be played.
During the second term schools will be matched according to their geographical location or as close as possible.
During the third term schools will be matched according to their performance in the second term.
The top schools in Zone A will represent Bellville at the WP Top Schools in September.
A team consists of 5 ranked players.
Please note a change in rules regarding the age of players:
Players in the A-team must be 13 years old or younger (a player may not turn 14 years old in 2008) to qualify for the A league (Zone A) in the third term from which the zonal and provincial teams will be chosen.
Teams with players who will turn 14 years old in 2008 will not qualify for A league, but will play in the B or C zones during the third team.
Please indicate year of birth of each player on the results form.

Rekordhouding en topprestasie toekenings

Verslae van alle sportwedstryde word aangeteken in verslagboeke en deurgetstuur na die skoolhoof.
Toekenings word deurgaans gemaak aan die toppresteerders in die onderskeie sportkodes en op kultuur gebied.
Topprestasies moet deurgaans aan streekkoerante deurgegee word.

Tydens saal geleenthede word toekennings gemaak aan sportpresteerders op alle gebiede. Aan die einde van ‘n seisoen word daar ook leerders aangewys in hul spesifieke spanne of groepe wat die beste presteer het. Daar is ook ‘n kompetisie in die skool, die Zimmermann-, Christensen- en Brinkhuis, wat meeding om die beste huis vir die jaar te wees. Hier die wenner word beslis deur al die sportuitslae tussen die huise in ag te neem oor die hele jaar en dit word dan ook in die saal aangekondig

Tydens die prestige-aand word die hoof sporttoekenings en kultuurtoekenings aan onderskeidelik ‘n seun en dogter in graad 7 gemaak. Erkenning word gegee aan leerders wat provinsiale - en nasionale kleure verwerf het, deur middel van ‘n finansiële bydrae vanaf die skool.

EREBORD : KRITERIA

Slegs leerders wat aan die volgende kriteria voldoen, se naam word op die erebord aangebring:

Koor: In die Tygerberg Kinderkoor opgeneem word.

Kuns: Leerders wie se werk vir die Santam kinderkunskompetisie gekeur is.

Musiek: Op die Unisa-ererol verskyn of Eisteddfodbeker of -beurs verkry.

PRESTIGETOEKENNINGS:

(Bepaal deur kriteria vir verkiesing van leerders.)
Akademie: Dux-leerder van die jaar. (Slegs Graad 7).
Panorama-leerder van die jaar.
Skoolhooftoekenning
Sportprestasie van die Jaar
Sport - Seun
Dogter
Kuns en Kultuur
Musiek

DIE WYSE WAAROP DIE NAME AANGEBRING WORD

Almal in jaargroepe ondermekaar (naam kan dus meer as een keer op die bord verskyn);
Meer senior toekennings word eerste aangebring;
Ander presteerders word gelys in die volgorde waarin hulle gedurende die jaar hulle toekennings ontvang het, bv.

1994
Piet Slimkind - Dux-leerder
Willem Voorbeeldig - Panorama-leerder
Adel Henning - Tygerberg Kinderkoor
Carla Slegtenhorst - Netbal
Heinie Venter - Rugby

San Musikaal - Musiek
Fred Mouton - Kuns

MUSIEK : ERE ROL

‘n Leerder wat in die Tyger Kinderkoor sing.
‘n Wenner van ‘n beker in sy ouderdomsgroep in ‘n Eisteddfod.
Unisa-eksamens : ‘n Leerder wat 90% en hoër in ‘n praktiese musiekeksamen in Graad III en hoër behaal.
‘n Leerder wat kwalifiseer vir die Sanlam-musiekkompetisie se tweede ronde.

SPORTBELEID T.O.V. OOR-OUDERDOM- EN ONDER-OUDERDOM SPELERS

As gevolg van interpretasies van sub-unies en selfs sommige afrigters by skole, is die USSASA reëls nie by alle skole konsekwent toegepas nie en skep dit ontsettende verwarring, teleurstelling en soms geregverdigde kritiek van ouers en afrigters.

Indien ‘n speler vanjaar 13 jaar oud word of geword het (d.w.s. 1 Januarie 2005 of daarna) is hy/sy steeds 0/13. Dit geld ook vir alle ander ouderdomme.

Hokkie:

Die ouderdomsgroepe in die WP vir laerskole is: 0/7; 0/8; 0/9; 0/10; 0/11; 0/12; 0/14 Alle spelers moet in hulle ouderdomsgroepe kompeteer, behalwe vir 0/14 waar ‘n kind wat nog 0/12 of 13 is, maar reeds in Gr.7 is, wel vir die 0/14 liga mag speel.

Netbal:

Die ouderdomsgroepe is: 0/7; 0/8; 0/9; 0/10; 0/11; 0/12; 0/13 Daar is geen voorsiening vir oor of onder ouderdom leerders nie. D.w.s. daar mag nie 0/12 of 0/14 spelers in die 0/13 spanne wees nie. Spelers met uitsonderlike talent, mag egter na die proewe gestuur word indien die afrigter dit goeddink.

Rugby:

Die ouderdomsgroepe is: 0/7; 0/8; 0/9; 0/10; 0/11; 0/13. Daar is geen voorsiening vir oor ouderdomspelers nie. 0/12 spelers mag egter vir die 0/13 spanne speel, aangesien daar geen voorsiening gemaak word vir hulle eie ouderdomsgroep

nie.

Leerders wat tuisonderrig ontvang

Indien leerders wat nie ingeskryf is by die skool wil deelneem aan buitemuurse aktiwiteite, sal die volgende prosedures geld:

- Toestemming moet by die skoolhoof verkry word voordat `n leerder aan buitemuurse aktiwiteite mag deelneem.
- Ouers/voogde moet leerder inskryf by die skool deur `n kontrak met die skool aan te gaan.
- Leerders moet alle oefeninge bywoon en aan alle wedstryde, kompetisies en toernooie deelneem.
- Indien `n leerder nie aan `n betrokke wedstryd, kompetisie of toernooi kan deelneem nie, moet die afrigter sewe dae voor die tyd in kennis gestel word. Afwesigheid as gevolg van siekte sal slegs aanvaar word indien `n mediese sertifikaat ingehandig word.
- `n leerder moet op eie koste die korrekte sportdrag aankoop en dra.
- `n Voorafbetaalde fooi van R250 per kwartaal sal gehef word vir afrigting, deelname en die gebruik van die skool se geriewe.

Algemeen:

Alle oor-ouderdom spelers mag by ‘n hoërskool van hulle keuse aansoek doen om vir hulle spanne te speel en dit moet aangemoedig word, dat hulle dit wel doen

Die Skool se beleid is dat ons A-spanne op meriete gekies word met die idee om te wen, aangesien dit ook ‘n manier is waarop die skool bemark word en ons graag die beste uit die kinders wil haal.Plekke behaal tydens Kleuresport is nie ‘n waarborg om vir ‘n span gekies te word nie.

By van die ander spanne probeer ons die spelers roteer sodat ons almal ‘n kans gee om ‘n wedstryd te kan speel. Die keuse van spelers word aan die diskresie van die afrigters oorgelaat.

Indien studente en ouers betrokke raak by afrigting, is hulle slegs hulp-afrigters en berus die keuse van die span, steeds by die onderwyser.

A.Mostert
(Skoolhoof)
2012-04-26
2012-04-26 (CdP)
2014-01-22 (HH)
2015-06-26(HH)

P. Andrews
(Beheerliggaam)